

28 Junie Lukas 17:20-37, 2 Timoteus 3:1-5 (1933-vert.)

Verskriklike verdorwenheid van die laaste dae óók tekens van die tye

Ons moet in verband met sowel die tyd van Noag as dié van Lot en die verwoesting van Sodom en Gomorra, na twee dinge oplet, naamlik onverskilligheid en goddeloosheid. Dit is opvallend dat die Here Jesus nie na die verskriklike sondes van die mensdom verwys nie, maar net na die feit dat hulle geëet en gedrink het, getrou, handel gedryf, geplant en gebou het. Maar hulle was so besig hiermee dat hulle vir die diens van God en die naaste geen tyd en belangstelling oorgehad het nie. Dit is ook in ons tyd in baie opsigte waar: liefdeloosheid, geldgierigheid, selfsug, egoïsme, ondankbaarheid, bandeloosheid, wreedheid, roekeloosheid en verwaandheid kenmerk baie mense se lewens; baie is meer liefhebbers van genot as van God.

Baie mense se leuse is: laat ons eet en drink en vrolik wees, want more sterf ons! Maar oor die feit dat elkeen van ons eendag voor die regterstoel van Christus sal moet verskyn en verantwoording sal moet doen oor al ons dade, bekommer baie mense hulle skynbaar nie. Daarom waarsku die Here Jesus ons elkeen: Waak en bid, staan vas in die geloof, want niemand weet wanneer Hy weer kom nie! Soos in die geval uit die goddeloosheid en boosheid op aarde in die tyd van Noag en al die verskriklike sondes, veral op seksuele gebied in die tyd van Lot, só is dit ook vandag. Uiteindelik sal die wêreld ook weer "ryp" wees vir die oordele van die Here. Vreeslik sal dit dan wees vir die goddeloses en ongelowiges om in die hande van die lewende God te val! Hulle en hierdie verlore gaande wêreld sal dan oorgegee word, soos in die tyd van Sodom en Gomorra, om met vuur uit die hemel verbrand te word!

Hoe kan ons, as Christengelowiges, staande bly teen al die aanslae van die duiwel, teen al die aanloklikhede van die wêreld, en ons eie bese vlees? Ons kan alleen volhard in die stryd van die geloof deur vas te hou aan God se Woord, deur die krag en genade van die Heilige Gees en deur te bid en te lewe in en deur die liefde van Jesus Christus.

Sing: Psalm 36:1, 2 Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)